Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**NOVEMBER 2019**

# RELIGIESTUDIES V1 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

## AFDELING A

### VRAAG 1

1.1 1.1.1 **Gebed**

- Gebed verwys na woorde of aksies wat gebruik word om met die goddelike vir ŉ spesiale doelwit te kommunikeer.
- Gebed is ŉ persoon-tot-persoon gesprek tussen God en sy mense. (2)

1.1.2 **Evangelisme**

- Evangelisme is ŉ vorm van sendingwerk wat op die afvalliges en nie-aktiewe lede van dié godsdiens eerder as buitestaanders fokus.
- Dit word aangewend om mense na ŉ ander godsdiens oor te wen, bv. die Christelike geloof.
- Vir Christene is dit die laaste opdrag wat Jesus aan Sy dissipels gegee het. (2)

1.1.3 **Meditasie**

- ŉ Wye verskeidenheid van geestelike oefeninge of tegnieke wat uitgevoer word om religieuse (mistieke) resultate te bereik. (2)

1.1.4 **Politeïsme**

- Die geloof in baie Gode. (2)

1.1.5 **Sinkretisme**

- Wanneer een geloof/godsdiens die leringe, oortuigings of praktyke van ŉ ander geloof/godsdiens inkorporeer en ŉ nuwe godsdiens word gevorm. (2)

1.2 1.2.1 C – Isangoma (1)

1.2.2 D – Afrika Tradisionele Godsdiens (1)

1.2.3 B – Dialoog (1)

1.2.4 C – Karl Marx (1)

1.2.5 C – Sekulêre staat (1)

1.3 1.3.1 A – Vedas (2)

1.3.2 D – Tripitaka (2)

1.3.3 F – Tanak (2)

1.3.4 A – Koran (2)

1.3.5 C – Bybel (2)

1.3.6 B – Kitab-i-Agdas (2)

Kopiereg voorbehou 

1.4 1.4.1 Mohammed (2)

1.4.2 Halaal (2)

1.4.3 Durban (2)

1.4.4 Pastoor (2)

1.4.5 Woordeboek (2)

1.5 1.5.1 Sionistiese Christelike Kerk (ZCC) (2)

1.5.2
- Hulle verteenwoordig die sentrale waarhede van verskillende godsdienste.
- Dit gee op verskillende maniere uitdrukking aan hulle geloof. (4)

1.5.3
- Dit is ŉ klein religieuse groep wat van ŉ groter groep weggebreek het, omdat hulle glo die groot groep verkondig nie meer die 'ware religie' nie. (2)

1.6
D Daar is ŉ toestand van harmonie tussen geloof, samelewing en die natuurlike omgewing.
A Veranderinge begin in die godsdiens intree en nuwe idees en maniere word deur die mense in die godsdiens aanvaar.
E As baie mense ongemaklik begin voel en besef dat hul godsdienstige en kulturele praktyke en oortuigings nie meer sin maak in hul lewens nie en veranderinge in hul godsdienstige praktyke en oortuigings soek.
C Veranderinge word in die samelewing en die natuurlike omgewing ondervind en dit maak ŉ paar lede ongemaklik en laat hulle hul wêreldsiening of godsdienstige oortuigings bevraagteken.
B ŉ Nuwe tydperk van harmonie en aanvaarding word aangegryp. (5 x 1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 2.1.1
- Nie-geweldadige verset is ŉ strategie van politieke aktiviste wat teenstand wil bied teen ongeregtigheid met massiewe vreedsame nie-samewerking. (2)

2.1.2
- Mahatma Gandhi. Hy was ŉ Hindoe. (4)

2.1.3 **Dit is meer effektief**
- Daar is nie ŉ verlies aan menselewens nie.
- Eiendom word respekteer en nie beskadig nie.
- Probleme word aangespreek by wyse van onderhandelings en konsultasie.

**Dit is minder effektief**
- Die regering neem nie die probleme van mense ernstig op nie.
- Baie tyd en hulpbronne word vermors
- Mense word meer kwaad omdat die prosesse so lank duur. (6)

2.1.4 **Godsdienstige verdraagsaamheid**
- Dit is ŉ beleid (ŉ regeringsbeleid) waar die mense van ŉ land vry is om die godsdiens van hul keuse te beoefen en die godsdiens in die openbaar te beoefen.
- Landsburgers word aangemoedig om ander godsdienste met respek te behandel. (4)

2.2 2.2.1 **Sekulêre staat**
- Dit meng nie in met godsdienstige sake nie.
- Alle godsdienste word gelyke status gegee. (4)

2.2.2 **Ateïstiese staat**
- Dit is ŉ staat waar die bestaan van God of ŉ Opperwese ontken word.
  Voorbeelde: Albanië, China, Viëtnam, Noord-Korea. (Enige EEN) (4)

2.2.3 **JA**
- Godsdienstige gemeenskappe kan in plekke van hul keuse byeenkom.
- Die staat meng nie in met godsdienstige sake nie.
- Mense kan vrylik aanbid.
- Godsdiensvryheid is omvat in die Grondwet van die land. (6)

2.2.4 **Godsdiensvryheid**
- Dit is die vryheid om in die godsdiens van jou keuse te beoefen.
- Die bywoning van godsdienstige aktiwiteite moet vry en vrywillig wees.
- Geen persoon van ŉ ander godsdiens moet gedwing word om skoolbyeenkomste by te woon indien godsdienstige praktyke beoefen gaan word waaroor hulle aanstoot kan neem nie.
- Godsdiens beoefening moet op ŉ gelyke basis beoefen word. (6)

Kopiereg voorbehou 

2.2.5 **Politiek**

- Politiek is die vorm, organisasie en administrasie (regering) van 'n staat en sy verhouding met ander state (lande).
- In Matt 22 sê Jesus: "Gee vir die Keiser wat die Keiser s'n is; en vir God die dinge wat God s'n is."
- Sedertdien het sommige mense geglo dat Jesus bedoel het dat godsdiens en politiek apart moet wees.
- Hulle sê dat politiek oor die regering en wette gaan en alle mense, selfs Christene, moet aan die wet gehoorsaam wees.
- Godsdiens gaan oor die geestelike lewe en redding en die wet van God is slegs op daardie geestelike terrein van toepassing.
- In alle state was daar altyd godsdienstige groepe of individue wat krities teenoor die staat was.
- Spanning tussen godsdiens en die staat is deel van die geskiedenis van bykans al die groot godsdienstige tradisies. (8)

2.2.6 **Impak van godsdiens op die samelewing**

- Help om konflik op te los.
- Sorg vir die siekes en behoeftiges, onder andere Vigs-lyers, wesies en slagoffers van geweld.
- Bevorder vreedsame naasbestaan onder alle mense.
- Sorg vir die omgewing. (6)

**[50]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 3

3.1 3.1.1 **Verslag oor die gevolge van dwelmgebruik in skole**

- Dit kan tot bendegeweld lei.
- Konflik tussen onderwysers en leerders kan ontstaan.
- Dissiplinêre probleme mag in klaskamers begin voorkom.
- Studente kan uit die skool geskors word.
- Arrestasies deur die polisie is 'n groot moontlikheid.
- Onskuldige mense (leerders sowel as onderwysers) kan seer kry.
- Privaat eiendom of die skool se eiendom kan beskadig word indien geweld uitbreek. (8)

3.1.2 **Volgens die uittreksel, wat word gedoen**

- Skole word gereeld op 'n weeklikse basis deursoek.
- Dwelms in en rondom skole word gemonitor.
- Bewuswordingsveldtogte, om leerders sowel as onderwysers die nodige kennis te gee om van dwelms weg te bly. (6)

3.1.3 **Die rol wat godsdiens kan speel om met die dwelmprobleem te help**

- Werkswinkels oor die negatiewe impak wat dwelms op mense se lewens het.
- Verskaf aan gelowiges geloofsgebaseerde redes waarom hulle nie in dwelms vasgevang moet word nie.
- Godsdienste kan wetenskaplike bewyse van die negatiewe gevolge van dwelms gee.
- Berading aan dwelmverslaafdes – wys films oor hoe dwelms mense se lewens vernietig.
- Families bystaan wat probleme met dwelmverslaafdes het.
- Saam met die regering te werk.
- Nou saamwerk met nie-regeringsorganisasies.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet beloon word.

(Enige 5 x 2) (10)

3.2 3.2.1 **Verban**

- Die gemeenskap moet genoegsame hulpbronne hê om die probleme wat met dwelms geassosieer word, aan te pak. Daarom moet dit verban word.
- Belasting sal aangewend word om dwelmbase te beveg, daarom moet dit verban word.
- Korrupsie sal meer plaasvind.
- Hand aan hand met alle godsdienste werk.
- Die gesondheid van die mense word benadeel.

**OF**

**Dwelms toelaat en beheer**

- Dwelmverslawing sal meer voorkom; daarom moet dit beheer word.
- Belasting sal aangewend word om tred te hou met die groter hoeveelhede dwelmverslaafdes.
- Families is nou verantwoordelik vir die kostes van dwelmverslaafdes eerder as die mense wat in die kriminele wêreld ingetrek word.
- Streng beheermaatreëls t.o.v. dwelmgebruik sal in plek gestel moet word.
- Diegene wie nie die reëls wil volg nie, sal swaarder strawwe opgelê moet word, soos vasgelê in die aangepaste afdeling van die konstitusie.
- Streng beheer van dwelms om te verhoed dat dit die ekonomie nadelig beïnvloed moet ingestel word (10)

3.3 **SIONISME**

3.3.1
- Die Christelike geloof is verander of aangepas om by die Afrika-ervaring of begrip van hoe die wêreld werk, aan te pas. (2)

3.3.2
- "Sionisme span inderwaarheid die gesuiwerde geestelike energie van die Christendom in om te reageer op hedendaagse Afrika-behoeftes en kanaliseer dit deur Afrika-kategorieë van denke en optrede, sonder om dit egter heeltemal van Christelike kategorieë te stroop."
- "Daar is dus behoud van sekere Afrika-godsdienstige metodes en tegnieke maar dit put uit 'n nuwe bron van krag – die Heilige Gees eerder as die voorvaderlike geeste." (4)

3.3.3
- "Die Sionistiese profeet dring daarop aan dat sy of haar diagnose en behandelings nie doeltreffend sal wees tensy dit op gebed gefokus is nie, en die pasiënt moet self meer tyd in gebed binne die kerkgroepe deurbring as 'n deurlopende behandeling."
- Die waarsêer gebruik 'n tegniek genaamd 'dolosse gooi' (skulpe, klippe of plat stukke hout) om die persoon se toestand vas te stel en medisyne (kruiemedisyne) voor te skryf vir die toestand.
- Die persoon hoef nie te bid om gesond te word nie. (4)

3.3.4 **Inter-godsdienstige dialoog**

- Dialoog begin wanneer mense mekaar ontmoet en met mekaar begin kommunikeer.
- Dialoog is nie beperk tot mense wat aan verskillende godsdienste behoort wat om 'n tafel sit en die leringe van hul onderskeie gelowe vergelyk nie.
- Dialoog beteken eintlik dat mense wat aan verskillende gelowe behoort, in situasies in die werklike lewe met mekaar praat.
- Dit vind plaas wanneer gewone mense uit verskillende gelowe met mekaar praat dat verhoudings opgebou word en dat hulle gemeenskaplike menslikheid begin deel.
- Dialoog is dus van uiterste belang in situasies van godsdienstige diversiteit.
- Hoe meer mense van verskillende gelowe met mekaar in aanraking kom, hoe meer dialoog sal daar tussen hulle wees.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet beloon word. (6)

**[50]**

## VRAAG 4

4.1 4.1.1 **Twee werke wat "Gift of the Givers" doen**

- Rampverligting, insluitende die verspreiding van komberse, klere en kospakkies.
- Klinieke, voedingskemas, ens.
- Watersuiwering en boorgate.
- Studiebeurse en opvoedkundige ondersteuning.
- Landbou en entrepeneurs self-help skemas en werkskepping. (4)

4.1.2 **Uitdagings in die Oos-Kaap**

- Die uitdagings in die Oos-Kaap waarna verwys word, het te doen met die voorsiening van water en die herstel van die infrastruktuur. (2)

4.1.3 **Die Islamitiese lering**

- Die Sufi-lering het die werk van die 'Gift of the Givers' geïnspireer.
- Dit is handel daaroor om in geloof te lewe, eerder om net daarvan kennis te dra.
- Dit word gedryf deur die beginsel van medelye met mense in nood op baie praktiese maniere. (4)

4.1.4 **Is 'Gift of the Givers' nie-geografies?**

In die konteks van die leesstuk, kan jy sien dat die organisasie werksaam in die Wes- en die Oos-Kaap was. (2)

4.1.5 **Word hul werk net tot Islam beperk?**

- Nee. Uit die groot aantal lande waar die 'Gift of Givers' betrokke was in die verlede, is dit duidelik dat hul werk uitreik na enige een in nood, ongeag ras, religie, velkleur, klas, politieke affiliasie of geografiese grense. (4)

4.1.6 **Die argument tussen 'Gift of the Givers' en die Wes-Kaapse regering**

- Die argument tussen die 'Gift of the Givers' en die Wes-Kaapse regering onderstreep die ongelukkigheid tussen die twee partye oor beweerde beloftes van finansiële bystand wat nooit gematerialiseer het nie.
- Terwyl die "Gift of the Givers" die Wes-Kaapse regering daarvan beskuldig dat hulle nie hul beloftes nagekom nie, het die Wes-Kaapse regering die organisasie van sensasionalisme en die maak van valse bewerings beskuldig. (4)

4.2 4.2.1 **Mite**

- Dit is 'n storie oor bonatuurlike wesens uit 'n vroeëre era wat as waar aanvaar word.
- Dit gee 'n verduideliking oor hoe natuurlike verskynsels, sosiale gebruike, ens. ontstaan het. (6)

4.2.2
- Om te verduidelik hoe die skepping tot stand gekom het (Skepping). (2)

4.2.3
- Die eerste skepsels, nl. mans met hul vroue, kinders, diere, skape, bokke en honde, het uit ŉ gat onder die aarde gekom. (2)

4.2.4
- Hulle was monoteïsties.
- Hulle het in een god (Modimo) geglo. (4)

4.2.5
- Die eerste wesens was deur ŉ geheimsinnige skepsel vergesel –genaamd Loowe. (2)

4.2.6
- Modimo (Goddelikheid) (2)

4.2.7
- Dit is mondelings van geslag tot geslag oorgedra. (2)

4.3
- Marx het bedoel dat godsdiens die verstand van mense vertroebel het.
- Dit het logiese denke verhoed.
- Mense kon nie verby hul eie godsdienstige oortuigings sien nie.
- Dit het gemaak dat hulle lyding aanvaar.
- Godsdiens het mense gemanipuleer en beheer.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (10)

**[50]**

## VRAAG 5

5.1 **Vroue**

5.1.1 • Hierdie vroue het die gemeenskaplike ervaring van uitsluiting van sekere praktyke in hul religieë. (2)

5.1.2 **Ervarings**

- Katolieke vroue kon nog nooit tot dieselfde kerklike leierskapshoogtes styg soos wat hul manlike eweknieë kon nie.
- Die Katolieke kerk is ŉ uiters manlik gedomineerde institusie.
- Shamima Shaikh, is ŉ Moslem vrou, wat uitsluiting ervaar het ten opsigte van gemeentelike gebed.
- Islamitiese vroue word nie toegelaat om in die moskee te bid soos die mans nie. (8)

5.1.3 **2 ander religieë waar vroue uitsluiting ervaar en die tipe uitsluiting.**

- Hindoe vroue ervaar ook uitsluiting.
- Hulle mag nie ŉ Hindoe tempel besoek nie.
- In Djainisme, neem dit nonne langer om ŉ hoër posisie in vergelyking met monnikke te bereik. Alhoewel nonne ŉ senior status bereik, mag dit gebeur dat hulle ŉ onderdanige rol moet speel teenoor monnikke met minder ervaring in hul godsdienstige lewe. (8)

5.2 **Gebed in Islam**

5.2.1 **Was**

- Om te was voor gebed is ŉ proses van reiniging en skoon-maak as ŉ teken van respek vir Allah. (2)

5.2.2 **TWEE maniere**

- Moslems sê gebede van seëninge oor die Profeet elke keer wanneer hulle sy naam noem.
- In die negende posisie bid die persoon vir die Profeet Mohammed en Moslems regoor die wêreld.
- Terwyl gelowiges bid, is hul aangesig gekeer na die 'qibla', wat die rigting van Mekkah is (waar Mohammed gebore is).
- Feeste vier aspekte van Mohammed se lewe. (4)

5.3 **Simbole**

5.3.1 **Afrika Bier**

- Dit word by rituele geleenthede gebruik om met die voorvaders te kommunikeer.
- Mense drink hierdie bier wanneer hulle in die veekraal *(ubuhlanti)* stelling vir ŉ ritueel inneem.
- Die vleis wat hulle by hierdie geleentheid slag en eet is ook simbolies van families wat bymekaar hoort, en van pligte wat die lewende families sowel as die voorouers teenoor mekaar het. (4)

5.3.2 **Die standbeeld van Boeddha**
- Dit word in die Boeddhistiese seremonies gebruik vir mense om op te fokus.
- Dit simboliseer die historiese persoon, Siddharta Gautama, wat ongeveer in 500 VHJ in Indië gewoon het.
- Dit simboliseer alles wat hy onderrig het oor mense en as ŉ simbool dat dit wat Boeddha mense geleer het, mense uit hul lyding kan ophef.
- Die handgebare van die standbeeld is simbole van gebeurtenisse in sy lewe. (4)

5.4 **Twee sosiale role van rituele**
- Rituele vind op spesiale plekke en tye plaas.
- Spesiale klere word dikwels gedra en daar is ŉ stel aksies of optredes.
- Dit alles help om die belangrikheid van die geleentheid vir diegene wat daaraan deelneem, te beklemtoon.
- Verskillende deurgangsrites word vergesel deur spesiale rituele.
- Rituele dra by tot mense se idees van wie hulle is – hulle gevoel van identiteit – en laat hulle deel van ŉ gemeenskap voel. (4)

5.5 **Boeddhistiese Argitektuur (Enige DRIE)**
- **Stoepas** – Dit word gebruik om Boeddhistiese oorblyfsels te huisves of om belangrike feite oor Boeddhiste te gedenk.
- **Pagodes** – Dit word as gedenktekens of tempels in Boeddhisme opgerig. Hulle is simbole van die vyf elemente van die heelal – grond, water, vuur, lug en hemel en ook van die finale realiteit – bewustheid.
- **Kloosters** – Dit is die oudste vorm van Boeddhistiese argitektuur. Dit word met skilderkuns, tekeninge en klipbeelde van Boeddha versier.
- **Grotte** – Dit dateer terug tot 100 VHJ in Indië. Die grotte is dikwels met houtsneewerk, tekeninge en klipbeelde van die Boeddha versier. (6)

5.6 5.6.1 **Gebed "Onse Vader"**

(a) **Lof tot God**
- Laat U naam geheilig word.
- Laat U koninkryk kom.
- Laat U wil geskied soos in die hemel, net so ook op die aarde. (Enige 2 x 2) (4)

(b) **Versoek om hulp**
- Gee ons vandag ons daaglikse brood.
- Vergewe ons ons skulde.
- En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose. (Enige 2 x 2) (4)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou